

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

HOUTWERK SG
(Eerste Vraestel: Tekene)

TYD: 3 uur

PUNTE: 100

BENODIGHEDE:

- Tekene-antwoordboek (720-2X) met drie A3-antwoordvelle

INSTRUKSIES:

- Die eksamenvraestel bestaan uit VIER vrae.
 - Al die vrae is VERPLIGTEND.
 - Na afloop van die eksamen moet jy jou antwoordvelle in numeriese volgorde in die boonste linkerhoek vaskram.
 - Jou eksamennommer moet in die linker onderste hoek van elke antwoordvel ingevul word.
 - Gebruik jou eie oordeel waar afmetings en/of besonderhede uitgelaat is.
-

VRAAG 1

Figuur 1 op bladsy 5 van hierdie eksamenvraestel toon ? isometriese aansig van ? **papiergewig**. Die vierkantige prisma is in die middel van die agtkantige prisma geplaas.

- 1.1 Teken, volgens ? skaal van 1:1 in **derdehoekse ortografiese projeksie**, die vooraansig, bo-aansig en linkeraansig in die gegewe spasies op Antwoordvel bladsy 2 van die Antwoordboek (720-2X).
- 1.2 Toon die volgende afmetings op die vooraansig aan:
 - (a) Die hoogte van die vierkantige prisma
 - (b) Die dikte van die agtkantige prisma
 - (c) Die lengte van die agtkantige prisma
- 1.3 Toon die projeksiesimbool. [16]

VRAAG 2

Figuur 2 op bladsy 2 van die Antwoordboek toon, in eerstehoekse ortografiese projeksie, die vooraansig en bo-aansig van ? **servetring**.

Projekteer, meet en teken ? **hulpaansig** soos gesien in die rigting van pyl **P** op die hulpvertikale vlak op bladsy 2 van die Antwoordboek. [14]

VRAAG 3

Figuur 3 op bladsy 6 van hierdie eksamenvraestel toon die vooraansig, bo-aansig en linkeraansig van ? **lang-en-kortskouer-tap-en-gatvoeg** in eerstehoekse ortografiese projeksie.

- 3.1 Teken, volgens ? skaal van 1:1, op bladsy 3 van die Antwoordboek, ? **isometriese aansig** van dele **A** en **B** los van mekaar, maar in ? posisie om in mekaar te skuif op die isometriese asse.
- 3.2 Toon die versteekte besonderhede op deel **A**.
- 3.3 Die dele moet nie oorvleuel nie.
- 3.4 Gebruik hoek **C** vir die plasing van deel **B**. Sien Antwoordboek bladsy 3. [35]

VRAAG 4

Figuur 4 op bladsy 7 van hierdie eksamenvraestel toon ? isometriese aansig van ? kabinet.

Afmetings en addisionele inligting:

- **Die kabinet-romp:**

- Alle hout is 25 mm dik, behalwe die agterste paneel wat 10 mm dik is.
- Die agterste paneel pas in ? sponning en is nie sigbaar van die kant af nie.
- Die blad het ? oorhang van 25 mm, voor en langs die kante.
- Die laai gly op ? blad.

- **Die laai:**

- Die laai se diepte is gelyk aan die diepte van die kabinet.
- Die voorkant is 25 mm dik.
- Die sykante en agterkant is 15 mm dik.
- Die agterkant is 20 mm laer as die sykante.
- Die bodem, wat 5 mm dik is, pas in ? groef en loop oor die hele lengte van die laai.

- **Die deur:**

- Die relings en style is 60 mm breed en 30 mm dik.
- Die laaghout-panele is 10 mm dik en pas in ? groef wat 15 mm diep is.

Teken, volgens ? skaal van 1:5, op bladsy 4 van die Antwoordboek, in eerstehoekse ortografiese projeksie

4.1 die vooraansig.

4.2 die deursnee-linkeraansig op snyvlak **Y – Y**, met die laai en deur in die toe posisie.

[35]

TOTAAL: 100

FIG. 1

PAPER WEIGHT
PAPIERGEWIG

FIG. 3

**JOINT
VOEG**




FIG. 4

CABINET
KABINET

END / EINDE